algemeen >>>

Adres MacCronestraat 11 • Wellington • 7655
Tel 021 873 2763 I **Pastorie** 021 873 2765
Bankbesonderhede ABSA Wellington 430580019

Francois Human francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin johann@wellingtonnoord.co.za

Preekreeks *Inleiding tot Kolossense*

noord nuus

wellington-noord Geloofsgemeenskap

SONDAGPROGRAM >>>

Biddag vir Jeug en Kategese

Francois Human I Predikant

Johann Enslin I Orrelis

Geen agv uitnaweek
Dienswerkers

06:00 **Digidiens** I Facebookblad

09:30 **Erediens** I Kerkgebou

Kategese I Geen agv uitnaweek

Sluit aan by ons kerk se facebookblad

@wellingtonnoord

DEUROFFER

Atlete vir Christus

Atlete vir Christus is 'n groep studente wat met entoesiasme en liefde Jesus Christus se naam verkondig. Ons toer jaarliks, sedert 1975 gedurende die Junie/Julie-vakansie deur Suid-Afrika op 'n vooraf beplande roete.

Die groep bestaan uit 10 atlete, 10 sangspan lede, 3 persoonlike werkers en 'n predikant wat die geestelike deel behartig.

Gedurende 'n dag op Atlete vir Christus hardloop die atlete op 'n aflosbasis die afstande tussen dorpe, daar word Bybelstudie gedoen, ondersteuning aan atlete gebied, besoeke by gevangenisse en ouetehuise afgelê en ander lekker aktiwiteite. Saans tree die span op by 'n gasheergemeente waar die sangspan hul liedere opvoer en die toerpa 'n boodskap gee.

April-insameling >>>

Ons wil u net graag herinner aan ons jaarlikse April-insameling onder distrikslede. Dankie aan diegene wat reeds bygedra het.

Jaarlikse Dankfees >>>

Uitstaande dankfees-koeverte kan nog ingehandig word.

KATEGESE...

Sondag 20 Junie: Die seniors van graad 4-10 moet asseblief vir Sondag 20 Junie hul Bybels saambring en 'n permanente swart koki/merker.

Sondag 27 Junie: Ons gaan Sondag 27 Junie Josef en sy gekleurde jas behandel. Graad 0-3 kinders moet asseblief met bont klere of nagklere Sondagskool toe kom.



Boksies vir dowes

NID 140 later... >>>

Vanjaar vier die Nasionale Instituut vir Dowes (NID) 140-jaar diens aan Dowes en persone met gehoorverlies. Ter viering van hierdie spesiale geleentheid, wil ons u gemeente graag versoek om ons asseblief te ondersteun deur middel van deelname aan ons **NID Change for Change boksie-projek** (**dit is in die voorportaal beskikbaar**).

Die konsep is as volg:

- Gemeentelede word vriendelik versoek om 'n klein NID geldboksie te neem. Deelname is geensins verpligtend nie; gemeentelede kan self besluit of hulle 'n boksie wil neem.
- Gemeentelede vul hul boksies met alle lastige en oortollige kleingeld (5c, 10c, 20c, 50c ens) **ten bate van Dowes en persone met gehoorverlies by NID.**
- Hulle bring dan die boksies terug op 'n datum bepaal deur die gemeente. **Biddag vir Dowes is Sondag 05 September** indien u moontlik die projek daaraan wil koppel, maar enige ander alternatiewe datum is ook in orde.
- NID sal daarna die boksies by u gemeente afhaal, die boksies tel en terugvoering aan die gemeente verskaf oor die bedrag ingesamel.
- Die boksie-projek is ideaal en groot pret vir selgroepe, vrouegroepe, kinderkerk en jeuggroepe. Dit is ook 'n projek waar sosiale afstand steeds gehandhaaf kan word terwyl 'n goeie doel ondersteun word.

Om deelname aan die projek te bevestig en 'n aantal boksies te versoek, e-pos gerus na relations.fr@nid.org.za of skakel Chriszelda by 023 342 5555. U gemeente se deelname kan **NID se 140ste bestaansjaar** 'n besondere geleentheid maak. U kleingeld kan 'n groot verskil maak in die lewens van Dowes en persone met gehoorverlies by NID.

Change4Change

to the benefit of the Deaf and persons with hearing loss

Fill your Change4Change moneybox in celebration of NID's 140 year service to the Deaf and persons with hearing loss. Your small change will make a big difference in their lives.

Take on the challenge!

Request a number of moneyboxes for your school, congregation, company or any other group. Fill them with all your annoying small change and hand them in on a date of your convenience. We will count them and confirm your total amount collected. To request your moneyboxes, contact us on 023 342 5555 or email to relations.fr@nid.org.za.

NATIONAL INSTITUTE FOR THE DEAF
NID SINCE 1881

"Seniors-maak-saak"- projek

Onder die bekwame leiding en handewerk van Joan Rossouw is daar Kombersies vir ons lidmate gemaak. Hulle kan nie nou ons Senior-funksies bywoon nie, daarom wil ons graag uitreik na elkeen in hierdie vreemde onseker tyd en daarmee sê "ons gee om".

Alles is klaar gemaak en is hierdie week verpak met 'n kaartjie.
Kontakpersoon: Joan Rossouw

Hoe kan jy help :

- Ons benodig mense om die kombersies vir senior lidmate te versprei.
- Name en adresse sal verskaf word.
- Kom haal 5 of 6 by die kerkkantoor en gaan gee dit met liefde af.
- Sommige lidmate is in die dorp en ander is op naby geleë plase.
- **Komberse is beskikbaar by die kerkkantoor.**

BELANGRIKE DATUMS

KWARTALE / UITNAWEKE (Nuut)
(onderhewig aan verandering)

11-13 Junie – Uitnaweek
9 Julie – Skool sluit

26 Julie – Skool heropen
6-9 Augustus- Uitnaweek
10-12 September- Uitnaweek
1 Oktober – Skool sluit

Vadersdag
Sondag, 20 Junie 2021

Kategese
Sondag 20 Junie: Die seniors van graad 4-10 moet asseblief hul Bybels saambring en 'n permanente swart koki/merker.

Basaar
28 Augustus 2021

Sangdiens
26 September 2021

gelukkige verjaarsdag...

13 Junie – George Barnard, Chantel Coetzee, Trus Groenewald, Melisa Reynolds

14 Junie – Callie Bohlman, Morkel Heydenrych, Louis, Schietekat, Danie van der Westhuizen

15 Junie – Lihan Buckle, Anton du Toit, Albertus Laing, Joan Malan, Karlien Spangenberg

16 Junie – Albertus Buckle, André vd Merwe

17 Junie – Danté Walden

19 Junie – Marlize Hammann

20 Junie – Hannie Malan, Jandri Oosthuizen, Maria Steyn

22 Junie – Gert Bothma, Shaun Swanepoel

Mag die volgende jaar oorloop van liefde en God se seëning!

Gebedslys >>>

Skotland: Bid dat ons kan voortgaan met ons passie om Bybels te voorsien, om mense te help lees en skryf en om die Woord van God te vertaal. Bid dat ons in staat sal wees om voort te gaan om projekte regoor die wêreld te ondersteun.
Republiek van Ierland: Dank die Here vir sy voorsiening en ook vir ons donateurs wat dit vir ons moontlik maak om projekte regoor die wêreld te befonds, veral in hierdie tyd van onrus. Bid dat mense se harte aangeraak sal word om die werk te ondersteun.
Noord-Ierland: Bid steeds vir ons Bybelgenootskap se personeel en dat hulle sal kan voortgaan met die projekte waaraan hulle tans werk. Dit sluit in vertalingswerk, asook geletterdheidsprogramme wat jong kinders help om by die Bybel betrokke te raak.

Gebedsversoeke en Pastorale versoeke – kan deur gestuur word na Francois en Johan.

Versoek dat gemeentelede wat nog nie hul **selfoonnommers en e-posadresse** deurgestuur het nie, dit stuur aan marius@wellingtonnoord.co.za

KERK- *Ons is nie net Kerk op 'n Sondag nie, maar elke dag…*
Ons is die Kerk en daar vir mekaar se nood.